# GESKIEDENISOLIMPIADE 1993

Die wenner van 1993 se goue medalje (foto langsaan) is Hannes Gouws van die Hoërskool Secunda. By hom op die foto is sy Geskiedenisonderwyseres mev. Emmarentia Dijkstra.



Hannes het die onderskeiding te beurt geval dat hy in 1993 se Olimpiade as 'n standerd 9 leerling vierde geëindig het. Vanjaar het hy in die eerste en tweede ronde uitstekend gepresteer. Die Hoërskool Secunda het reeds sy merk gemaak in die Olimpiade. Vanjaar was drie leerlinge uit die skool onder die vyftig wat na die tweede ronde deurgedring het en naas Hannes het hulle nog 'n silwermedalje verower soos blyk uit die lys hieronder.

Die organiseerders van die Olimpiade verklaar elke jaar in hulle verslag dat die sleutel tot sukses en deelname 'n geesdriftige en toegewyde onderwyser is. Dit is waar Hoërskool Secunda se krag lê want mev. Emmarentia Dijkstra is so 'n onderwyseres. Sy is reeds sedert 1984 aan die skool verbonde en is die afgelope vyf jaar vir Geskiedenis senior sertifikaat verantwoordelik. Haar metodiese werkwyse, aansteeklike entoesiasme en stimulerende onderrig vind sy neerslag in die leerlinge se aktiewe deelname aan die Olimpiade. Dit is

sy wat hulle inspireer om met die nuus op hoogte te bly, te lees oor die geskiedenis en betrokke te raak by die Olimpiade. Mev. Dijkstra het 'n honneursgraad in Geskiedenis. Die leerlinge getuig van die moeite wat sy doen, selfs in vakansietye, om hulle met voorbereiding te help.

Hannes is, soos tot dusver met alle goue medaljewenners die geval was, 'n uitblinker op talle gebiede. Hy het reeds in st 7 die finaal van die Junior Rapportryers se Nasionale Redenaarskompetisie gehaal. Vanjaar was hy hoofseun van sy skool en hy speel sedert st 8 in die skool se eerste rugbyspan. In st 9 is hy as speler van die week op die Amajuba Rugbyweek aangewys. Hy het vanjaar ook die Voortrekkers se kultuurpenning en die skool se toekenning as die veelsydigste leerling verower. Hy was 'n ACSV-leier en aktiewe lid van die skoolkoor.

Verlede jaar het 'n leerling van Stellenbosch Hoërskool derde gekom. Vanjaar het hulle Lizette Smith tweede geëindig. Die derde plek is deur twee leerlinge gedeel: David Bilchitz, King David School, Johannesburg en Pierre Lombard van Afrikaans Hoër Seunsskool, Pretoria.

Die ander wenners van silwermedaljes was:

Hildie Bezuidenhout, Hoër Volkskool, Heidelberg
Donovan Duffy, King Edward VII High School, Johannesburg
Gert Marincowitz, Hugenote Hoërskool, Wellington
Jacobus Swart, Hoërskool Secunda.